# OMSLAG

'n Boek se omslag bestaan uit die **voorblad** en die **agterblad**. Die voorblad bepaal dikwels of 'n leser die boek gaan lees of nie. Dit is die eerste element van die storie waarmee die leser kennismaak.

Omdat ons tieners van vandag so visueel ingestel is, is dit belangrik dat die voorblad visueel treffend moet wees. Daarom dat die kunstenaar wat die omslag ontwerp, 'n belangrike taak het, want die kern van die boek moet in die omslag vasgevang word. As die voorblad die leser se aandag trek, lees hy die agterblad om te kyk waaroor die storie kortliks handel. Dit is belangrik dat hierdie teks die leser se aandag prikkel, maar nie die storie weggee nie.

Bestudeer nou die **voorblad** van *Donkerster.* Kyk na die titel, die visuele elemente, die kleurgebruik, die ruimte, en wat jy alles daaruit oor die storie kan aflei en/of voorspel.




1. Watter elemente dui moontlik op gevaar?
2. Beskryf die ruimte soos uitgebeeld op die voorblad. Waar, dink jy, speel dit af?
3. Watter visuele elemente sluit aan by en versterk die titel?
4. Watter groot kontras word hier uitgebeeld?
5. Aansluitend by hierdie kontras is daar ook vier voorbeelde van teenpole. Benoem die vier en antisipeer wat dit moontlik kan beteken. (Soek voorbeelde van hierdie kontras en

teenpole terwyl jy lees.)

6. Hoeveel karakters (wil dit voorkom) gaan ’n belangrike rol in die verhaal speel?
7. Wie vermoed jy gaan die hoofkarakter wees? Watter visuele ondersteuning is daar vir jou vermoede?
8. Watter tydsaanduiding word uitgebeeld? Deur wat word dit uitgebeeld?
9. Bespreek die rol van kleur op die voorblad. Hoe help dit om jou voorafkennis omtrent die teks te ontwikkel?

Bestudeer die **agterblad** en gesels oor die volgende vrae.

1. Hoe word dit op die agterblad bevestig wie die hoofkarakter is?
2. Wat is die twee groot passies in Carli se lewe?
3. Watter twee ooreenkomste is daar tussen Carli en Xander?
4. Wat beteken dit as Xander ’n “doring in haar vlees” is?
5. Sou jy Carli as ’n buitestander (outsider) beskou? Hoekom?
6. ’n Hele paar kernwoorde kom in die agterbladteks voor. Skryf dit neer.
7. Maak ’n voorspelling oor wat in die boek gaan gebeur.

